

6 Februarie

Skrifgedeelte: Matteus 16:13-23
HK, Vraag 37

Gely

Die lyding van Jesus Christus is van wesenlike belang in die evangelie. Die Kategismus bevestig dit met 'n lang antwoord op die vraag: "Wat verstaan jy onder die woordjie 'gely'?" Maar vir baie Christene vandag is Jesus se lyding juis hinderlik en aanstootgewend. Hulle wil 'n Jesus hê sonder die lyding en die kruisiging.

Die apokriewe Tomas-evangelie is onlangs in Afrikaans vertaal en word hoog aangeslaan in die "Nuwe Hervorming". Hierdie "evangelie" bevat net gesegdes wat van Jesus afkomstig sou wees. Daarin word nie vertel wat Hy gedoen het of wat met Hom gebeur het nie. Dit is net 'n versameling uitsprake. Jesus word gesien as 'n wyse man en 'n voorbeeldige mens wat nou nog kan inspireer.

Maar die Bybel dink tog anders oor die lyding van Jesus Christus. As 'n mens net kyk na die opbou van Matteus, Markus, Lukas en Johannes, word dit duidelik watter klem die lyding van Jesus kry. Alles stuur af op die kruisiging. Die kruisiging en die gepaardgaande gebeure word in besonderhede beskryf. Die lyding van Jesus Christus is van kardinale belang. Hy het die toorn van God teen die ganse menslike geslag gedra. Hy het die offer gebring vir ons versoening en verlossing. Hy het die genade van die Here heerlik aan die lig laat tree. Die woordjie "gely" het 'n groot betekenis!

Sing: Skrifberyming 5-2:3, 4

Dr. F van der Walt (Bellville-Oos)

~~~~~